

2 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 14:25-31

Fokusgedeelte: Johannes 14:27

Die vrede van Jesus

Ons teksgedeelte stel teenoor mekaar die vrede van die wêreld en die vrede van Jesus. Daar was in Jesus se dae veral die wêreld of kulture wat mekaar ontmoet het: die Griekse, die Romeinse en die Joodse, elkeen met sy eie opvatting van vrede. Die Griekse het met vrede bedoel manlike rus in die sin van welsyn en voorspoed. Hulle godin van vrede was Irene met die seuntjie Pluto op haar skoot. Hulle sou sorg vir tye van welvaart en rykdom. Die Romeine het hulle god van vrede Pax genoem. Hy het altyd 'n lourierkrans om die hoof gedra as teken van oorwinning veral na oorloë. Dan die Jode - hulle het die woord Shaloom, soos vandag nog, gebruik. In Genesis 29:6 word dit vertaal met: "dit gaan goed" (1953 vertaling). Dieperliggend is die gedagte: alles is in orde, ook in orde met God. In die dae van Jesus het hierdie diepere, in-die-verbond-gewortelde betekenis van shaloom veroppervlak tot 'n gewone "dagsê". In so 'n wêreld sê Jesus vir sy dissipels: ..."My vrede gee Ek aan julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie." Die Kind van krip vertoon geen ooreenkoms met die seuntjie Pluto nie. Jesus beliggaam nie menslike welvaart nie. Inteendeel, die krip en eenvoudige doeke was sy deel. Daar is ook geen sprake van 'n lourierkrans soos by Pase nie. Hy het homself ontledig en die heerlikheid afgelê wat Hy by die Vader gehad het. 'n Oppervlakkige shaloom het Hy ook nie in gedagte gehad nie. Jesus gryp terug na die dieperliggende betekenis van die Ou-Testamentiese vredesbegrip en wil deur sy vredesgeskenk dit weer in orde bring tussen die mens en sy God. Dit is hierdie groot, oorweldigende gawe van die eindtyd, die vrede wat Jesus self ook ondervind het voor sy heengaan in sy diepste duisternis, wat Hy vir ons nagelaat het. (Joh 16:33). Ervaar jy dit?

Sing: Psalm 33:6 Prof SCW Duvenage (Emeritus)